



The Office Of The Principal and Vice - Chancellor

PROF MS MAKHANYA, PRINSIPAAL EN VISEKANSELIER

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

VERWELKOMING, UNISA SE 145STE VERJAARSDAGVIERING

ZK MATTHEWS-SAAL, THEO VAN WIJK-GEBOU, UNISA

MUCKLENEUK-KAMPUS

4 Julie 2018 om

09:30

- Seremoniemeester: Dr Somadoda Fikeni, Direkteur: Spesiale Projekte en raadgewer vir die Prinsipaal en Visekanselier
- Sy Eksellensie, Dr Thabo Mbeki, Kanselier van die Universiteit van Suid-Afrika, beskermheer van die Thabo Mbeki African Leadership Institute en voormalige president van die Republiek van Suid-Afrika
- Die Eerbare Minister Naledi Pandor, LP, Minister van Hoër Onderwys en Opleiding
- Mnr Sakhi Simelane, Voorsitter van die Unisa-raad en lede van die Unisa-raad wat teenwoordig is
- U eksellensies, hoë kommissarisse en ambassadeurs wat teenwoordig is

- Lede van Unisa se uitvoerende en uitgebreide bestuur
- Mnr Nkatho, wat die Voorsitter van die Unisa Nasionale Verteenwoordigende Studenteraad verteenwoordig en alle lede van Nasionale Verteenwoordigende Studenteraad
- Mnr Mhlungu, President van die Konvensie
- Verteenwoordigers van die nasionale en plaaslike regering
- Lede van die sakegemeenskap
- Verteenwoordigers van verskeie instellings van hoër onderrig
- Die delegasie wat die 2018 Inbound Economic Modelling en Benchmarking-konferensie bywoon wat deur die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester: Stad Tshwane aangebied word
- Unisa-personeel en -studente, insluitende lede van ons Unisa-familie in die streke wat deur middel van satelliet in ons feesviering deel
- Leiers van georganiseerde arbeid
- Ons vermaak, wat ek hoor, uit Unisa-personeel en -studente bestaan
- Geagte lede van die gehoor

Feestelike groete en 'n warm welkom in wat die koudste week in Suid-Afrika hierdie jaar moet wees. Ek vertrou dat vandag se verrigtinge 'n warmte by ons almal sal laat. En tog, in die koue, is ons almal verheug oor die goeie nuus van die broodnodige reën in Kaapstad en die verligting wat dit ongetwyfeld vir ons medeburgers in daardie provinsie sal bring.

En in daardie konteks is dit nie moeilik om hierdie tradisionele Afrika-simbool van seën te verbind met Unisa se oorsprong in dieselfde stad nie; 145 jaar gelede was Unisa ook, en is steeds, 'n nasionale bate en seën. En terwyl ek seker is dat ons almal teen hierdie tyd Unisa se fassinerende en roemryke geskiedenis ken, moet dit tog genoem word dat Unisa die voorloper was vir die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad, en later die Universiteite van die Witwatersrand, Pretoria, Natal (UKZN), Vrystaat (UVS), Rhodes en Potchefstroom (NWU), wat almal voorheen

geaffilieerde kolleges was. Wat baie mense nie weet nie is dat die vorige regering Unisa wou dwing om slegs 'n Afrikaanse instelling te wees; die instelling het geweier, wat tot die ontstaan van die *Rand Afrikaanse Universiteit* gelei het, wat nou 'n getransformeerde Universiteit van Johannesburg is. So, Kanselier, terwyl ons, en ek wil u aanhaal, mnr die Kanselier, "my (en hierdie geval ons) wese aan die koppies en valleie, die berge en die dale, die riviere, die woestyne, die bome, die blomme, die seë en die seisoene wat altyd verander wat die land van ons oorsprong definieer, te danke het", het 'n groot aantal universiteite in Suid-Afrika hul bestaan aan Unisa te danke. 'n Baie spesiale welkom aan al ons kollegas van ons suster-instellings wat vandag teenwoordig is – ons is familie in die diepste sin van die woord.

Duidelik is Unisa se wortels diep in ons Afrika-grond vasgelê. Die Universiteit het baie generasies van geleerdes gekweek – en is deur hulle gekweek. Dit is duidelik in die honderde duisende Unisa-graduandi wat elke vlak van ons samelewing verteenwoordig en wat wêreldwyd in alle dele van die samelewing en openbare en private ondernemings – en wat met onderskeiding gedien en bereik het – gevind kan word. Ek dink u sal met my saamstem dat hierdie 'n ongelooflike prestasie en ongelooflike bydra is. En steeds is Unisa se visie om "die Afrika-universiteit wat in diens van die mens toekomsdrome verwesenlik" te wees – toeganklik vir almal wat vir universiteitstoelating kwalifiseer en daartoe verbind is om ons land en ons kontinent te dien.

Maar, dames en here, terwyl ons ons roemryke geskiedenis en nalatenskap vier, moet ons nie vergeet van die ewe roemryke toekoms wat ons op die oomblik vorm en lei nie. 'n Mens kan slegs vir 'n sekere tyd op die invloed en mag staat maak voor dit 'n kruk – dalk selfs 'n verskoning – word vir 'n gebrek aan visie en optrede wat op 'n blink, produktiewe en verbonde toekoms fokus. Wanneer dit gebeur is ondergang onvermydelik.

Dit is waarom u sal vind dat ons strategie sterk gefokus is op die bereiking van 'n onboetvaardige Afrika-universiteit wat onderskraag en gedryf word deur innovering, kreatiwiteit en opsetlike transformasie. Unisa poog om 'n baken van gehalte en uitnemendheid in onderrig en leer, navorsing en innovering en gemeenskapsbetrokkenheid te wees – aan die voorpunt van Suid-Afrika en Afrika se herlewing.

Om dit te bereik moet ons ons verbind tot benutting van hoedanighede van 'n groot verskeidenheid belanghebbers wat gretig is om hul rol te speel om ons land en ons kontinent te herbou. Die verskeidenheid van verteenwoordigers wat vandag hier saam is, spreek tot ons siening dat ons 'n universiteit *van* die mense en *vir* die mense in die breedste sin is, en ons sal saam met almal werk wie se visie vir ons land en haar mense met Unisa se visie ooreenstem. Terwyl Unisa die grootste rolspeler in Suid-Afrika se hoër onderwyssektor is, vorm ons desnieteenstaande 'n integrale deel van Suid-Afrika se hoër onderwysstelsel, en saam moet ons die tipe transformasie verseker wat ons na die gewenste eindpunt van gehalte en uitnemende onderwys sal neem. En ja, daar is baie om te doen, maar ek is trots om te sê dat ons in 'n baie konkrete en sigbare manier begin het om die nodige veranderinge te implementeer om transformasie te verseker.

Ons is streng verbind om te verseker dat ons op die nalatenskap van die wat ons voorgegaan het bou en dat "die naam Unisa" steeds respek en bewondering sal lok wat dit regoor die kontinent en die wêreld kry.

Ons het dus inderdaad 'n rede om fees te vier! Dit is waarlik 'n vreugde, en verligting, om 'n kort breek te vat en die bereiking van 145 jaar van volgehoue prestasie en bydra te vier. Ons is opgewonde en ons is trots op hierdie matriarg in ons samelewing en pilaar van ons nasionale ontwikkeling – op die Universiteit van Suid-Afrika.

Vandag se program sal baie meer opgewondenheid en insig tot hierdie

wonderlike universiteit bied as wat ek in 'n beperkte tyd kan gee. Dit is voldoende om te sê ons ag dit as 'n groot voorreg om deel van hierdie unieke familie en hierdie instelling te wees en ons voel geëerd dat u ook, individueel en gesamentlik, weer deel van ons reis en ons nalatenskap vir ons land, ons kontinent en die wêreld is. Ons verwelkom u elkeen hartlik en sien uit nog vele meer.

Baie dankie